Hoofstuk 105

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Die manier waarop Allah hier vir die Koereisj ingetree het, het die liefde, respek en eerbied vir die Koereisj in die hele Arabië bevorder

1. Mohammed, is jy nie goed bekend met die gebeure wat twee maande voor jou geboorte plaasgevind het en waarvan honderde Arabiere ooggetuies was nie?: hoe julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer opgetree het teenoor die Mense van die Olifant. Dis nou die Christen Abraha, die Goewerneur van die Jemen streek en bevelvoerder van die Abessiniese(Ethiopiese) Leër in Jemen en sy soldate wat met die buitengewone groot Olifant Mahmud en agt ander Olifante gekom het met die doel om die Kaaba, die Huis van Allah in Mekka, te vernietig. Abraha, het 'n skouspelagtige Katedraal laat bou om die Arabiere se bewondering van die Kaaba af te trek. Hy het selfs afgekondig dat die pelgrimstog na Mekka vervang is met 'n pelgrimstog na sy Katedraal. Dit het van die Arabiese stamme baie kwaad gemaak. Toe iemand een nag daarin ontlas, en die Katedraal 'n ander aand per ongeluk aan die brand raak deurdat die wind die vuur van 'n stam wat net langsaan oornag het op die Katedraal waai en dit groot brandskade opdoen, is Abraha ingelig dat dit iemand van die Koereisj was. Abraha was so kwaad dat hy gesweer het hy sal die Kaaba steen vir steen verwoes.

2. Het Allah nie hul plan tot niks verander nie?: Die Arabiere het onder 'n verskeidenheid van leiers gekeer vir al wat hulle werd is maar dit was nie Allah se wil dat mense Sy Kaaba sal beskerm nie, en Abraha het die groepe een vir een verslaan. Allah, die Meester van die Huis weet die beste hoe om Sy Huis te beskerm, en wou self die vyand blootstel aan vernedering en Sy Heiligdom vereer tot die hoogste vlak.

3. En Allah het vreemde vlieënde voëls, kleiner as duiwe met rooi pote in swerms van die see se kant af gestuur...

4. ...met hardgebakte kleibolletjies so groot soos lensiesaad wat in sigself nie enige verwoestende krag besit het nie behalwe dit wat Allah op daardie oomblik daaraan verleen het, en wat die voëls op Abraha se leër gegooi het met verwoestende trefkrag. Een olifant en van Abraha se manne is gedood, die res het in alle rigtings gevlug. Abraha self is later dood aan 'n dodelik vergiftigende siekte wat sy hele liggaam ledemaat vir ledemaat uitmekaar laat val het,

5. en Allah het Abraha en sy leër soos opge-ete en verteerde strooi gemaak: hulle is verander van iets tot niks.

Die liefde, respek en eerbied wat die Koereisj hierna as opsigters van die Kaaba geniet het, het tot gevolg gehad dat hulle veilig kon reis, vandaar hoofstuk 106 waarin die Koereisj genooi word om dankbaar teenoor Allah te wees en Hom alleen te aanbid as verskaffer van al hulle behoeftes.

Hoofstuk 106

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Mekka is geleë in 'n onvrugbare vallei wat nie selfvoorsienend is nie: alle voedsel moet ingekoop of ingevoer word. Hierdie hoofstuk bou voort op die vorige hoofstuk waarin Allah die Kaaba en die Koereisj wonderwerklik beskerm het, groot liefde, respek en eerbied vir die Koereisj bewerk het, en sodoende gemaak het dat hulle oral sonder vrees kon reis

1. Omdat die Koereisj so goed bekend is...

2. ...met die handelsreise wat hulle in die winter sou moes onderneem na Jemen toe en in die somer na Sirië toe, maar nou net na die nabygeleë Jedda hoef te onderneem omrede alles wat hulle benodig het in Jedda deur die boere van onder andere die vrugbare Jemen, Tabala en Harsh daar bemark is, en hulle gevolglik baie het om Allah voor dankbaar te wees...

3. ...moet hulle die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van hierdie Huis van Allah, die Kaaba, in Mekka waarvan Allah hulle die opsigters gemaak het en wat die rede is vir al hierdie seëninge wat hulle so geniet, aanbid...

4. ...wie aan hulle deur middel van hierdie reise kos gegee het teen honger en sekuriteit teen vrees deurdat die mense vir hulle as opsigters van die Kaaba, waarvan Allah self die beskermer is, 'n groot respek en agting gehad het.
(K2:126 & K28:57)(K105)

Hoofstuk 105 Die Olifant / Surah Al-Fil	Hoofstuk 106 Die Koereisj / Al-Quraish